## Hoofstuk 66 - DIE DOEL VAN DIE NUWE OPENBARING (21.08.1840) HIM1.100

01] Wat die doel van al hierdie Mededelings betref, dit lê daarin om ten eerste jou hoogs geleerde wêreldse verstande te wys, hoe dwaas dit is om dinge te probeer bestudeer en hulle uit te strek na die gebied van sy onuitspreeklike verhouding-beperkings, wat weens hul diepte, grootheid en heiligheid, ewig bo sy sfeer verwyderd sal bly, omdat sulke dinge slegs vir die eenvoudige se vroom gelowige hart ingeplaas sal word, ja, tot 'n beskamende teken van die wêreld-wysheid, ook aan die kinders in die wieg; net soos Ek dit selfs aan die klippe kan gee.

02] Maar tweedens (bestaan hierdie doel) ook om aan julle en die ganse wêreld die ware weë van My barmhartige Liefde te wys, wat julle sal aanspoor om die ewige heil van alle wesens te ontdek, en hoe, wanneer en waarom dit alles is en gebeur - sodat dit 'n einde sal maak aan alle wêreldse twyfelaars en dat dinge gesien kan word in hul ongerepte status. Want soos 'n goeie bouer beslis die beste weet waarvoor dit of dat moet wees vir in 'n groot werk, so kan ook net Ek weet hoekom dit, hoekom dat en hoe, wanneer en waardeur.

03] Die een wat sonder My Genade navors en bedink, gaan altyd verkeerd. Maar elkeen wat na My toe kom en dit van My leer in sy hart, kry dit in die volheid van die waarheid, waaraan nie eens 'n enkele merkie in alle ewigheid verander sal word nie.

04] En derdens, die veelvuldige boosheid van mense uit alle klasse en stande kan hieruit duidelik word – en begryplik, hoe sulke mense, vanweë hulle blinde boosheid, die heiligste en reinste dinge hardnekkig in hulle sinlike wêreld slyk in aftrek en hulle afskuwelik vermink vir hulle verdoemende, selfsugtige doel-eindes.

05] Kortliks, alles behoort en moet oop wees vir die wêreld, sodat almal kan weet hoe hul daaroor voel. Ja, die middelpunt van die aarde moet so geopenbaar word aan die oë van die wêreld, so oop soos bedekte kos wat vir die gaste oopgemaak word, vir versterking deur die voedsel. En so behoort geen son so ver weg te wees dat dit nie afgebreek kan word onder die mikroskoop van die lewende geloof in die eenvoud van haar kleinste deeltjies, en wanneer die omvang daarvan groter is as dié van jou grootste gedagte wat jy ooit kan vermag. - En daar mag nêrens ‘n enkele draadjie wees, hoe klein ookal, en al word dit ook so fyn gespin, wat nie kan kom na die sterk uitwellende lig van My barmhartige son nie! Ja, Ek wil vanuit bepaalde puntjies, deursigtige wêreldliggame saam-stel, en die sentrale sonne oopsplits tot ontluikende puntjies, sodat die wêreld uiteindelik kan sien dat Ek tog alles in almal is.

06] As die wêreld hierdeur tot die insig gebring kan word dat daar buiten My geen verlossing te soek of gevind kan word nie, dan sal Vrede die aarde soen en almal sal verseker wees van hul amp, tydelik en vir ewig in alle Liefde tot My! Slegs dan sal die keiser werklik keiser wees, duidelik onderskeibaar deur My salwing, die koning 'n koning, die hertog 'n hertog en die prins 'n prins, sonder enige verdoemende grond-wet, behalwe vir die Grondwet van My Liefde, en My alles oorstromende Genade. En die wolf sal vir die lam 'n beskermer wees.

07] Daardeur wil Ek alles gelyk maak, sodat daar nie meer "watervalle" en "aardverskuiwings" is nie, slegs die see van My Liefde en strome van My Genade. Alles anders moet "plat land" word.

08] En kyk, al hierdie dinge sal gedoen word, sodat die ware Kerk (innerlike kerk van die liefde) onder die mense gelouter kan word, en sodat haar glans van oorwinning meer skyn as die lig van alle sonne, verenig in Eén - waardeur hulle "een herder en een kudde" kan word, wie se skape altyd My Stem sal hoor, tot aan die einde van alle tye – wanneer alle materie vernietig sal word in die vuur van die goddelike Liefde - of anders, indien hierdie waarskuwende woorde van My vrugteloos verrot in die modder van hierdie wêreld, dan onmiddellik in die vuur van My regverdige toorn!

09] Kyk, nou is dit die tyd van die "klein bietjie tyd!” (In teenstelling met die "groot tyd van alle tye", by die menswording van die Meester.) Wie dit in ag neem, vir hulle sal daar vir ewig groot dinge wees. Maar vir elkeen wat hom daarvoor vererg, en bedenkings het oor My trou, sal die “klein tydjie” binnekort opraak, en die groot een van die ewige toorn sal hom aangryp! - Aldus: óf sus óf so! - Soos enigiemand wil, so doen hy dit! - Maar ons sal mekaar altyd ontmoet. Amen. So sê Ek. Die ewige Liefde en Wysheid. Amen, Amen, Amen!

## Hoofstuk 67 - WARE NAASTELIEFDE (20.11.1840) HIM1.212

*Aan Anselm H.*

01] Naasteliefde bestaan nie in die oë, nóg in die stemtoon, of in enigiets anders wat vir die uiterlike aangenaam is nie - maar ware **naasteliefde bestaan slegs in (ware) weldadigheid,** veral teenoor diegene van wie geen vorm van wederdiens te wagte is nie.

02] Oral waar liefde een of ander bybedoeling het, daar hou dit op om ware, suiwer naasteliefde te wees en dan is dit soos afgewaterde wyn, waarin daar geen krag, geen "Eter van die lewe" meer bestaan nie, maar die "pansmyter" van 'n ware slegte gastehuis! – Verstaan dit tog goed!

03] Maar wie kan twee meesters dien! - Kyk, Ek en die wêreld is twee skerp begrensde uiterstes. – Daarom, hê My ten volle lief, dié Een, heeltemal (om aan te behoort en te dien) - want Ek duld geen teenstander nie!

Om goed te doen is dus reeds reg, maar slegs in My orde! - Amen.